## 4 Mourits die mol

Mourits die mol het 'n klein lyfie. Hy is aangetrek in donkergrys fluweel. Sy hare is dik en staan regop. Dit lê nie plat soos 'n kat s'n nie.

Mourits maak geen klank nie. Sy oë is toe onder sy dik pels. Sy neus is lank. Hy kan baie goed ruik.

Sy groot pote lyk soos grafies. Hy het sterk naels om mee te grawe.



Mourits en die molle maak 'n ondergrondse wêreld onder ons voete. Hulle het hoofweë en hoofpaaie.

Mourits vreet erdwurms, slakke en naakslakke. Hy maak nuwe tonnels om kos te kry. Die tonnels is omtrent die grote van die mol se lyf. Hulle is glad en hard.

Mourits is 'n myner. Hy maak vir homself 'n oulike nessie onder die grond. Jy kan sy heuweltjie bokant die grond sien.

**Lees die teks. Beantwoord die vrae.**

1. Hoe lyk Mourits die mol se lyf?
2. Hoe voel sy hare?
3. Watter geluide maak Mourits?
4. Hoekom het Mourits 'n lang neus?
5. Hoekom het Mourits groot pote en sterk naels?
6. Wat vreet Mourits?
7. Hoekom is Mourits 'n myner?